# MOTOR ALGEMENE AFDELING

## OMSKRYWINGS

**Voorval:** tensy anders aangedui, beteken dit enige voorval of reeks voorvalle wat ontstaan uit een oorsaak in verband met enige enkele Voertuig ten opsigte waarvan skadeloosstelling deur hierdie versekering verleen word.

**Voertuig:** sal beteken:

1. enige selfaangedrewe vervoermiddel wat in die bylae vermeld word, wat op land gebruik word, maar nie op spore loop nie en beperk tot:

    1.1 privaattipe motorvoertuie (insluitende sedans, afslaankapvoertuie, sportnutsvoertuie, motorwoonwaens, stasiewaens en dies meer) wat ontwerp of aangepas is om nie meer nie as 12 persone, insluitende die bestuurder, te vervoer;

    1.2 busse wat ontwerp of aangepas is om meer as 12 persone te vervoer, insluitende die bestuurder;

    1.3 ligte kommersiële voertuie wat voertuie is waarvan die bruto voertuigmassa nie 3,500 kg oorskry nie en wat ontwerp of aangepas is om goedere te vervoer;

    1.4 kommersiële voertuie wat voertuie is waarvan die bruto voertuigmassa 3,500 kg oorskry en wat ontwerp of aangepas is om goedere te vervoer;

    1.5 motorfietse wat voertuie is met twee of meer wiele wat ontwerp is om bestuur te word met die tipe kontroles waarmee motorfietse gewoonlik toegerus word;

    1.6 landboutoerusting, dit wil sê enige landboukundige voertuig wat nie ontwerp of aangepas is nie vir die hoofdoel om goedere te vervoer, insluitende trekkers en stropers;

    1.7 spesiale tipe voertuie wat voertuie is wat vervaardig of aangepas is vir spesifieke kommersiële doeleindes soos grawe, brandbestryding, optel, oplaai, grondverskuiwing en dies meer en wat beheer word deur bekwame en opgeleide operateurs en wat nie versekerbaar is onder Voertuigomskrywings 1.1 tot 1.6 nie

    en enige toebehore insluit terwyl dit permanent aan die voertuig geheg is, hetsy in die bylae gespesifiseer of nie.

    Met dien verstande dat

    (a) die toebehoorsel aan die voertuig is ten tye van die versekerde gebeurtenis;

    (b) die versekerde bedrag van die voertuig wat in die bylae vermeld word, voldoende is om beide die voertuig en die toebehoorsel in te sluit;

2. enige Voertuig wat op land gebruik word wat nie selfaangedrewe is nie en wat ontwerp is om gesleep te word deur 'n selfaangedrewe Voertuig gedefinieer in 1 hierbo, maar dit sluit nie enige onderdele of toebehore in wat nie permanent daaraan geheg is nie.

# DEKKING VERSKAF DEUR HIERDIE AFDELING

Dekking is slegs van toepassing indien in die bylae as “ingesluit” vermeld.

# **GEBEURLIKHEIDSAANSPREEKLIKHEID** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal

1. die Versekerde skadeloos stel vir eise teen hulle ingestel ten opsigte van die dood van of liggaamlike besering aan enige persoon, of skade aan eiendom wat voortspruit uit enige ongeluk wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met die oplaai of aflaai van enige Voertuig wat nie die eiendom is of verskaf is deur die Versekerde nie, gebruik deur enige vennoot of direkteur of werknemer van die Versekerde (hierna in hierdie uitbreiding verwys as die persoon) ten opsigte waarvan die Versekerde en/of enige passasier regtens aanspreeklik word om alle bedrae te betaal, insluitende die kostes en uitgawes van die eiser.

2. die persoon skadeloos stel in geval van 'n ongeluk wat in die loop van die besigheid plaasvind en wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige Voertuig wat nie aan hom of die Versekerde behoort, gebruikhuur of gehuur word nie, maar slegs tot die mate waarin die persoon nie enige motorversekering of die voortsetting daarvan deur enige versekeraar geweier is nie.

3. die persoon skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid wat ontstaan weens die sleep van enige ander Voertuig of sleepwa (insluitende aanspreeklikheid in verband met die gesleepte Voertuig of sleepwa) deur ’n Voertuig (behalwe teen vergoeding), met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir skade aan die gesleepte Voertuig of sleepwa of vir eiendom daarin of daarop.

4. alle koste en uitgawes betaal wat met hulle skriftelike toestemming aangegaan word en is geregtig om na hulle goeddunke te reël vir verteenwoordiging by enige doodsondersoek of ondersoek ten opsigte van enige dood wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie dekking mag wees, of vir verdediging in enige landdroshof van enige strafregtelike vervolging ten opsigte van enige handeling wat enige Gebeurtenis veroorsaak of daarmee verband hou, wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie dekking mag wees.

Met dien verstande dat:

(a) die ongeluk ontstaan in die loop van die Versekerde se besigheid;

(b) die ongeluk ontstaan terwyl die Voertuig gebruik word deur die persoon;

(c) indien, ten tyde van die plaasvind van enige ongeluk wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge hierdie dekking, die Versekerde of die persoon geregtig is op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis ten opsigte van dieselfde Gebeurtenis, sal die Maatskappy nie aanspreeklik wees om enige betaling te maak in terme van hierdie dekking nie, behalwe ten opsigte van enige bedrag bó die bedrag wat ingevolge die ander polis betaalbaar is;

(d) die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir verlies van of skade aan enige Voertuig wat deur die Versekerde gebruik word op die wyse soos hierbo in 1 en 2 beskryf;

(e) die betaling deur die Versekerde van subsidies of reistoelaes aan die persoon vir die gebruik van sy eie Voertuig vir amptelike doeleindes van die Versekerde, insluitende die vervoer van persone vir die doeleindes, nie hierdie dekking sal benadeel nie.

Die Maatskappy se aanspreeklikheid is beperk tot die versekerde bedrag in die bylae vermeld vir enige een Voorval.

# **PARKEERFASILITEITE EN VERSKUIWING VAN DERDEPARTYE SE VOERTUIE** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van ongelukke wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met die verskuiwing van enige Voertuig (wat nie aan die Versekerde behoort of aan hulle geleen, gehuur of gebruikhuur word nie), deur enige persoon in diens van die Versekerde of wat namens die Versekerde optree.

Met dien verstande dat:

(a) die Voertuig verskuif is met die toestemming van enige huurder, klant of besoeker van die Versekerde, of in verband met die Versekerde se parkeerreëlings, of om die uitvoering van die Versekerde se besigheid te bewerkstellig;

(b) hierdie dekking nie van toepassing is ten opsigte van skade aan Voertuie wat teen vergoeding geparkeer word nie;

(c) die Maatskappy se aanspreeklikheid sal nie die versekerde bedrag oorskry nie wat in die bylae vir enige een Voorval vermeld word.

Vir die doeleindes van hierdie dekking word die Voertuig (en die inhoud daarvan) nie geag deur die Versekerde in trust gehou te word of in sy bewaring of onder sy beheer te wees nie.

# UITSLUITINGS – AANSPREEKLIKHEID TEENOOR DERDEPARTYE

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir:

1. dood of liggaamlike besering van enige persoon in diens van die Versekerde wat ontstaan uit en in die loop van die diens;
2. dood of liggaamlike besering van enige persoon wat 'n lid is van dieselfde huishouding as die Versekerde;
3. skade aan eiendom wat aan die Versekerde, of 'n werknemer van die Versekerde, of 'n lid van dieselfde huishouding as die Versekerde behoort;
4. skade aan enige Versekerde Voertuig wat aan die Versekerde, of 'n werknemer van die Versekerde, of 'n lid van dieselfde huishouding as die Versekerde behoort;
5. skade aan eiendom wat in trust gehou word deur of wat in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde is;
6. skade aan eiendom wat vervoer word deur, gelaai of afgelaai word van enige Versekerde Voertuig;
7. enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit die werkverrigting, demonstrasie of gebruik (vir ander doeleindes as onderhoud of herstelwerk van die voertuig), van enige gereedskap of toerusting wat deel uitmaak van of vasgeheg is aan of gebruik word in verband met 'n voertuig of enigiets vervaardig deur of gehou in enige gereedskap of toerusting. Hierdie uitsluiting sal nie op vurkhysers van toepassing wees nie;
8. ten opsigte van soveel van enige skadevergoeding of eis as wat binne die bestek van enige verpligte motorvoertuigversekeringswetgewing val. Hierdie uitsluiting sal geld nieteenstaande die feit dat geen versekering ingevolge voormelde wetgewing van krag is of aangegaan is nie.

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie:

1. vir enige ongeluk, besering, verlies, skade, aanspreeklikheid, kostes en/of uitgawes veroorsaak, opgedoen of aangegaan in enige land buite die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Zambië, Tanzanië, Angola, Demokratiese Republiek van Konga, Malawi en Mosambiek;

2. vir enige ongeluk, besering, verlies, skade, aanspreeklikheid, koste en/of uitgawes aangegaan terwyl enige Voertuig bestuur word deur

   (i) die Versekerde terwyl sy/haar bloed-alkoholkonsentrasievlak die wettige perk oorskry of indien die persoon onder die invloed van alkohol of bedwelmende middels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese professie, behalwe hy-/haarself) of terwyl die Versekerde nie voldoen nie aan die lisensiewetgewing van die land waar die omskrewe gebeurtenis plaasgevind het;

   (ii) enige ander persoon met die algemene toestemming van die Versekerde en wie, met die Versekerde se medewete, onder die invloed van alkohol of bedwelmende middels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese professie, behalwe hy-/haarself) of wat nie voldoen nie aan die lisensiewetgewing van die land waar die

omskrewe gebeurtenis plaasgevind het, maar dit is nie van toepassing nie waar die Versekerde onbewus was dat die persoon nie aan lisensiewetgewing voldoen nie en die Versekerde tot die bevrediging van die Maatskappy kan bewys dat, in die normale verloop van sy besigheid, prosedures ingestel is om te verseker dat bestuurders aan lisensiewetgewing voldoen.

3. vir enige eis wat voortspruit uit kontraktuele aanspreeklikheid, tensy die Versekerde nieteenstaande sodanige kontraktuele ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het;

4. indien die versekerde voertuig gebruik word deur die Versekerde of met die algemene toestemming van die Versekerde:

   (i) vir verhuring;

   (ii) vir die vervoer van passasiers teen vergoeding of die vervoer van reisgeldbetalende passasiers;

   (iii) vir resies jaag;

   (iv) vir spoed- of ander wedrenne, tydrenne of proewe;

   (v) vir vervoer van plofstof;

   (vi) vir die vervoer van meer passasiers as die kapasiteit waarvoor die Voertuig gelisensieer is om te vervoer of waarvoor dit gebou is;

   (vii) vir die vervoer van enige vrag wat meer is as die kapasiteit waarvoor die Voertuig gelisensieer is om te vervoer of waarvoor dit gebou is.

5. indien die Versekerde Voertuig of enige gedeelte van die bedryfsvoertuigkombinasie ten tye van die verlies of skade in enige opsig nie voldoen aan die vereistes vir padwaardigheid nie soos uiteengesit in die Nasionale Padverkeerswet Nr. 93 van 1996 (soos gewysig) of enige vervangende wet, of van enige provinsiale of plaaslike proklamasie of wet wat op die Versekerde Voertuig van toepassing is.

# VERPLIGTE VOORWAARDES

## Bestuurderslisensie

Indien enige bestuurslisensie ten gunste van die Versekerde of enige gemagtigde bestuurder van die Versekerde gedurende die geldigheidsduur van die Motor Algemeen, Motor Gespesifiseerde Voertuie, Motorvloot en Motorindustrie Risiko’s afdelings geëndosseer, opgeskort of gekanselleer word, of indien die bestuurder weens nalatige, roekelose of onbehoorlike bestuur aangekla of skuldig bevind word, moet skriftelike kennisgewing dadelik aan die Maatskappy gestuur word sodra die Versekerde van die feit bewus word.

## Eerste bedrag betaalbaar

Ten opsigte van elke gebeurtenis wat tot ’n eis ingevolge die Motor Algemeen, Motor Gespesifiseerde Voertuie, Motorvloot en Motorindustrie Risiko’s afdelings aanleiding gee, is die Versekerde verantwoordelik vir die eerste bedrae betaalbaar wat in die bylae vermeld word van enige uitgawe (of enige mindere uitgawe wat aangegaan mag word) waarvoor voorsiening gemaak word ingevolge hierdie afdeling (insluitende enige betaling ten opsigte van koste, uitgawe en gelde) en van enige uitgawe deur die Maatskappy aangegaan in die uitoefening van enige diskresie wat hy ingevolge hierdie versekering mag hê. Indien die onkoste wat deur die Maatskappy aangegaan word, enige eerste bedrag betaalbaar insluit waarvoor die Versekerde verantwoordelik is, moet die bedrag dadelik deur die Versekerde aan die Maatskappy terugbetaal word. Ingeval van die terugverkryging van die Versekerde Voertuig opvolgend tot diefstal of kaping, sal die diefstal eerste bedrag betaalbaar aan die Versekerde terugbetaal word. Indien die Versekerde Voertuig wat teruggevind is, beskadig is, sal die eerste bedrag betaalbaar vir skade van toepassing wees. Geen eerste bedrag betaalbaar sal van toepassing wees op eise wat spruit uit brand, weerlig of ontploffing nie tensy dit in die bylae vermeld word.

# KLOUSULES

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie onderafdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule (maar waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien die uitbreidings en klousules as ingesluit in die bylae vermeld word).

## Afstanddoening van subrogasieregte

Die Maatskappy doen, vir die doel van die die Motor Algemeen, Motor Gespesifiseerde Voertuie, Motorvloot en Motorindustrie Risiko's afdelings, afstand van alle subrogasie- of gedingvoeringsregte wat hulle mag hê of wat hulle mag verkry teen enige ander persoon waarop die skadeloosstelling hierkragtens van toepassing is en elke persoon moet die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (algemeen sowel as spesifiek) van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe wees in soverre dit van toepassing mag wees.

## Prinsipale

Nieteenstaande punt 3 van Spesifieke uitsluitings, word die skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling (asook die afdelings Motor Gespesifiseerde Voertuie, Motorvloot en Motorindustrie Risiko's, waar van toepassing) uitgebrei om, in die mate wat dit deur die voorwaardes van enige kontrak van die Gesamentlike Komitee vir Boukontrakte vereis word en in verband met enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit die uitvoer van die kontrak, enige prinsipaal wat benoem word in die kontrak wat deur die Versekerde aangegaan word vir die doeleindes van die besigheid skadeloos te stel, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy hoogstens die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word, beloop.

## Kruisaanspreeklikhede

Waar meer as een Versekerde in die bylae vermeld word, stel die Maatskappy elke Versekerde afsonderlik, en nie gesamentlik nie, skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen die Versekerdes ontstaan, word hanteer asof afsonderlike polisse aan elk uitgereik is, met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die Maatskappy hoogstens die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word, beloop.

## Afkoelregte

Onderhewig aan die toepassing van hierdie afkoelreg, beskik die Versekerde oor die reg om hierdie polis te kanselleer, via skriftelike kennisgewing, binne 14 dae na ontvangs van hierdie polis of vanaf 'n redelike datum waarop dit geag kan word dat die Versekerde hierdie polis ontvang het, indien hierdie polis 'n tydsduur van 31 dae of meer het, geen voordeel tans voor geëis of betaal is nie, en 'n gebeurtenis waarteen verseker is, nog nie plaasgevind het nie. Santam sal alle premies of gelde wat deur die premiebetaler betaal is, terugbetaal, minus enige koste van enige risikodekking wat die Versekerde geniet het. Santam sal binne 31 dae nadat Santam die kansellasiekennisgewing ontvang het, aan die Versekerde se versoek om kansellasie voldoen.

Toepassing: Die afkoelregte is slegs van toepassing op die Versekerde, indien die Versekerde 'n natuurlike persoon of 'n regspersoon is wie se batewaarde of jaarlikse omset minder is as die drempelwaarde soos bepaal deur die Minister van die Departement van Handel en Nywerheid ingevolge artikel 6(1) van die Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet No. 68 van 2008).

## Oorlog

Slegs ten opsigte van onderafdelings 2 en 3 van die afdelings Motor Gespesifiseerde Voertuie, Motorvloot en Motorindustrie Risiko's word Algemene uitsondering 1 (in die Algemene Voorwaardes) geskrap en deur die volgende vervang:

Hierdie afdeling dek nie oorlog, inval, optrede deur 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie.